# God maak die wêreld



## Genesis 1 en 2

In die begin was die wêreld leeg. Dit was oral donker. Maar God het 'n plan gehad.

God het lig en donker van mekaar geskei. "Laat daar lig wees!" het Hy gesê. En daar was lig. Hy het die lig "dag" genoem. God het die donker "nag" genoem. Dit was die eerste dag.

Toe sê God: "Ek sal die water skei." Hy het die water in die wolke daar bo en die water op die aarde hier onder van mekaar geskei en die deel tussen-in "hemel" genoem. Dit was die einde van die tweede dag.

Toe maak God al die water bymekaar sodat daar droë land was. God het allerhande plante in verskillende kleure en vorms gemaak. Hy het berge, heuwels en valleie gemaak. Dit was die einde van die derde dag.

God het 'n helder son in die lug gesit sodat daar lig in die dag kan wees. Vir die aand het Hy 'n blink maan en skitterende sterre in die lug gesit. Dit was die einde van die vierde dag.

Op die vyfde dag het God al die visse en seediere gemaak om in die see te bly. Toe maak God voëls om in die lug te vlieg.

Op die sesde dag het God diere gemaak wat kruip, seil, hop en galop. Toe maak God die heel mooiste skepping uit stof: 'n mens. God het hom Adam genoem.

Op die sewende dag het God gerus.

God het vir Adam 'n pragtige tuin geplant met die naam Eden. 'n Rivier het deur die tuin gevloei.

Adam het baie van sy huis gehou. Hy moes vir al die diere name gee en mooi na die tuin kyk. Adam was baie lief vir die diere, maar daar was nie vir hom 'n spesiale maat nie. Toe maak God die vrou.

Adam het haar Eva genoem. Sy was net reg vir Adam. Adam en Eva was baie lief vir mekaar. Saam het hulle baie mooi na God se tuin gekyk.

(Uit: Bybelstories vir beginners)

## Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoe het die aarde aan die begin gelyk?

____________________________________________

2. Skryf langs elke nommer wat God op daardie dag geskep het:



________________________________

________________________________





________________________________

________________________________





________________________________


________________________________



3. Wat het God op die 7de dag gedoen?


____________________________________________

## Oulike idees vir kunsaktiwiteite




Skakel vir templaat van sirkel prentjies: [https://christianpreschoolprintables.com/wp-content/uploads/2020/04/DaysOfCreationGlobeBibleCraft.pdf](https://christianpreschoolprintables.com/wp-content/uploads/2020/04/DaysOfCreationGlobeBibleCraft.pdf)




Daar is ook 'n oulike inkleurprentjie op die volgende bladsye.

# God maak die wêreld

Toe God die wêreld gemaak het, het Hy hard gewerk en baie moeite gedoen. Toe Hy klaar was, was Hy tevrede met sy werk.



(Ou Testament inkleur-en-aktiwiteitsboek: Die groot Bybel vir klein hartjies)